# HOOFSTUK 17

KOMS VAN DIE VADER IN JAHSHUA (14.03.1841)
HIM1.296

***Die koms van die Vader in JaHshua – antwoord van Vader aan die kneg.***

01] Nouja, Ek skryf 'n kort woord, wat aan julle My koms verkondig in julle Midde. Want as Ek kom as 'n Vader, kom Ek in al die stilte van die hart. Maar My donderslae verkondig aan julle slegs die nabye Elohim, en die beproewinge verkondig aan julle die groot, meedoënlose Regter, en soos alle groot skeppings, die groot, magtige Skepper en Meester bo alles.

02] Maar as julle in jul harte die sagte liefde vir My voel, julle Heilige, goeie Vader, weet dan dat die Vader nie ver weg is nie. **Want niemand kan My liefhê, tensy hy My Liefde het nie**. Maar niemand kan **My Liefde** van enige iemand anders kry, **as van My nie**. Maar elkeen wie My Liefde het, dié het My ook, want Ek is die ewige Liefde self.

03] Maar as My Liefde by julle sal wees, sal Ek óók by julle wees! Maar wat julle ook al in My Naam doen, dit doen julle in My Liefde. En wat julle doen in My Liefde, doen julle in My. En elkeen wat in My is en handel, in en by hom is Ek ook.

04] Sou julle My uitnooi om na jul te kom, hoé sal Ek dit nie doen nie, dit waarvoor julle hart 'n lewende begeerte het? -So, vra julleself ook vandag in die hart, en die Liefde vir My sal julle dit getrou vertel of, en wanneer, Ek na julle toe sal kom!

05] Kyk, Ek is Een wat die liefde volg tot aan die uiteinde van alle wêrelde. Daarom, wees lief en glo - en so sal Ek wees in julle midde en in julle – en wat aan julle getrou verkondig sal word, die groot troos in julle harte.

06] Maar hoor, wanneer Ek sal kom, hoef julle nie te bekommer oor wat jul gaan eet nie en hou ook alle vorme van **wêreldse kletspraatjies** uit jul ore. Maar spreek tot mekaar en, soos die twee wandelende dissipels op die pad na Émmaüs, sal julle ook hulle vreugde deelagtig word. Maar as jy dieselfde doen as die dwase vroue en die dwase, liefdelose prostitute, sal jul Heilige Vader nie te lank in julle Midde kan verwyl nie.

*Jesaja 58:13 As jy jou voet terughou van die Sabbat - om nie jou begeertes in die dag van My Apartheid te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem [en] die apartgestelde [dag] van JaHWeH hooghou; en as jy haar eer deur nie jou eie weë te gaan nie,* ***nie geleentheid vir jou begeertes soek of besigheid te praat nie;***

07] Laat die wêreld wees wat sy is, want Ek is meer as die hele wêreld. -Laat die heersers wees wie hulle is, want Ek is meer as al die heersers! -Laat die prostitute wees soos hulle is, **vol ontrouheid in hulle harte**, want My liefde is sagter, getrouer en teerder as dié van al die wêreldliefhebbers, waardelose meisies en liefdes-prostitute. Want werklik, in hierdie tyd het geen oujongnooi 'n liefde meer nie. Hulle is net lief vir die man oor dit wat hy het of is; vir die mens self gee hul niks om nie, laat staan nog haar sterke, ydele self-liefde.

08] Laat die wêreld-geleerdes wees wat hulle is, want My Genade oortref sekerlik oneindig male die ontel-bare geleerdes! - Laat die uiterlike kerk wees soos wat dit is, en neem 'n voorbeeld van die spinnekop, hoe sy tydens mooiweer haar vangdrade wyd uitsprei om allerlei soorte diertjies in haar net te vang ter versadiging van haar grote buik; maar as daar 'n weersverandering in aantog is, dan doen hierdie diertjie sy bes om sy werk te beskerm teen vernie-tiging, maar as daar skielik sterk winde uit die hoogtes kom en geweldige reën, maak dit 'n einde aan haar roofnes! Maar kyk nou na die gebeure van die tyd, en Ek sê vir julle, julle sal binnekort gewaar dat dit netso is. — **Maar Ek staan hoër en dieper as enige kerk!** - Daarom, kyk na My, julle wie My reeds 'n bietjie in julle harte herken het, dan sal julle ore nooit gepla word deur die **kerklike klappertand** nie. Want die suiwer Liefde, **wat die enigste ware kerk is**, deur die lewende geloof en deur die lewende woord, klappertand nie!

09] En so, vermy dergelike dinge uit liefde vir My - en hou My vas soos 'n goeie vriend wat julle te gou wil verlaat. -Wanneer dié haastige vriend sien hoe sy geliefde hom vasgryp, keer hy terug en verlaat die huis nie so haastig nie, totdat hy die bruid se hart nie heeltemal gewen het nie!

10] So doen jy ook as 'n tere bruid! - Luister die minnaar nie by die hekkie van sy geliefde nie, voordat hy na haar toe kom in haar woonplek, sodat hy graag van haar 'n geheime lofsang uit haar mond kan hoor nie? En as hy dit hoor, hoe word hy nie vol vreugde, en kan nie wag totdat die hekkie oopgaan nie! En wanneer hy daarbinne is, roep hy saam met Petrus en Jakobus, "Meester, hier is dit goed!"

11] En as Hy sy uitverkorene aantref, gedompel in luidrugtige, dwase rusies, kletspraatjies, of dat sy selfs vreemde lofprysinge (verkondig) – hoor hier, die geliefde sal, soos julle dit uitdruk, in die geheim "homself uit die voete maak" en die uitverkore dwaas in al haar lawwigheid “laat sit!”

12] So dink dan ook daaraan dat Ek nie altyd met die deur in die huis val nie, maar ook voor die deur wag! - As Ek dit hoor wat My welgevallig is, dan stap Ek na binne, indien nie, dan laat Ek net My spore terugwaarts in die stof!

13] Sou julle My as 'n Gas wil hê, doen dan wat die gas behaag, dan sal Ek binnegaan. Maar sodra Ek binne is, moet My nie weer laat gaan nie, **en Ek sal My deur jou laat sien**, selfs as Ek daartoe gedwonge was! - En waarlik, **as julle doen wat reg is, sal Ek nou, en altyd, in julle Midde bly!**

14] Maar hoor, **slegs in die reine liefde van julle harte**, sal julle almal erken dat die hoë, blywende Gas julle Heilige, goeie Vader is, wat na julle gekom het en Sy Koninkryk met Hom! Amen. Dit sê ek, die hoë Gas, as julle Heilige, goeie Vader! Amen.